Mei 2007

Dagsê al die belangstellendes in die geskiedenis van ou Pretoria,

Nie dat die belangstelling op die oomblik baie groot is nie. Ek kry tans meer gemorspos as ou Pretoria pos. Iemand het besluit dat ek gewig moet verloor en nou kry ek tydig en ontydig advertensies wat glo sal help.

----------------------------------------------------------------------

Kruitmagasyn

Ek het verlede jaar die voorreg gehad om die ou Groen Magasyn van die ZAR te besoek. Wat 'n wonderlike aand. As jy daar sit en luiter na lesings van kenners oor die ontstaan en gebuik van die magasyn voel jy deel van die geskiedenis. Daar is veral klem gelê op die gevare van 'n moontlike ontploffing en hoe die ontwerp van die magasyn dit kan bekamp.



Die Groen Magasyn soos dit vandag daar uitsien. Die datum bokant die deur is 1894

Dit het my laat dink aan 'n berig wat 130 jaar gelede in die Volksstem verskyn het. Ek vertaal dit in gewone Afrikaans om dit makliker leesbaar te maak [De Volksstem, 4 April 1877].

Het Kruitmagasijn Bestolen

Gisteroggend is ontdek dat die kruitmagasyn van Pretoria oopgebreek is en 10 of 12 "buksen" en ongeveer 100 lb. buskruit gesteel is. Ons verneem dat 'n aantal

plate van die voorportaal se dak verwyder is en dat die mense so toegang tot die gebou gekry het.

‘n Kers was blykbaar aangesteek en op ‘n kissie patrone geplaas. Die dosie vuurhoudjies het langs die kissie gelê terwyl oral op die grond kruit rondgestooi gelê het. Indien die kruit toevallig aan die brand geraak het, wat nie onmoontlik was nie, “zou er een mooi hachje van de stad geworden zijn”.

Ons is verbaas dat daar in vredestyd geen wag by die kruitmagasyn gehou word nie. Dit is waar dat die magasyn in tyd van oorlog bewaak word. Maar waarlik ‘n gebou wat sulke kosbare en gevaarlike materiaal bevat behoort altyd bewaak te word. Beloning van £100 word uitgeloof vir die gevangenisneming van die skuldiges.

--------------------------------------------

Dit is natuurlik nie dieselfde magasyn wat vandag die Groen Magasyn genoem word nie, maar wel sy voorganger. Waar die magasyn presies was weet ek nie. Is daar miskien iemand wat meer inligting het??? Op van die ou kaarte word daar wel ‘n “Magasyn plaats by de Bos” aangedui, maar ek weet nie of dit die kruitmagasyn was nie.

---------------------------------------------

‘n Paar maande later is daar twee berigte in die koerant [De Volksstem, 6 Julie 1877].

Ongeveer 80 sakke van die gesteelde buskruit is gevind op die plaas Knopjesfontein, ongeveer ‘n halfuur uit Pretoria, en drie kêrels Owen, Newton en Clark is op suspisie gevange geneem.

‘n Ander berig in dieselfde koerant beskryf die gebeure meer breedvoerig. Kaptein van Deventer van die Transvaalse Jagers, op soek na vier deserteurs [seker persone wat uit die weermag gedros het?] sien in die nag ‘n lig in die veld. Hy vind daar ‘n sak met kruit. Hy en 10 manskappe gaan die volgende dag daarheen en sien iemand wat ‘n sak na ‘n perd dra. Die dappere Kaptein hardloop daarheen maar die man laat die sak val en spring op sy perd. Kaptein van Deventer kry die teuels beet maar moes dit los toe die ruiter hom slaan. Hy gryp toe die perd aan die stert maar die dier skop hom en die ruiter jaag weg. Later is die drie mans by ‘n nabygeleë plaashuis in hegtenis geneem.

Ek sou graag wou sê Word vervolg maar ongelukkig kon ek nog geen verdere berigte oor die gebeure opspoor nie. Dit is regtig heeltemal anders as vandag se jaagtogte agter skelms aan.

-------------------------------------------------------------------

‘n Paar ander interessante koerantberigte uit De Volksstem van 1877:

<u>24 Februarie</u> P.J. Kitsten adverteer kanaries te koop. Prys – 40 sjielings, hok en saad ingesluit.

28 Maart  C. van Boeschoten lê Sondagmiddag op sy bed en lees toe daar ‘n padda ingespring kom.  Hy staan op en gooi die padda uit.  Na ‘n rukkie kom ‘n tweede padda daar aan.  Toe die derde padda inkom word hy deur ‘n slang agtervolg.  Die slang is gou van kant gemaak.

11 April  Die Australiese Boomluis saai verwoesting in die Kaap.  Die invoer van alle steggies en saad word verbied.

11 April  Kaptein van Deventer kom aan met 25 man.  Hulle word ingesweer.  Dit is die begin van die Polisiemag in Pretoria.

18 April  Ottervelle gesoek vir kontant.  G. Tresh – Gov. House.  [dit is seker een van die Engelse amptenare wat ‘n ekstra geldjie wil maak].

9 Mei  Green & Erasmus het die kontrak om pos te vervoer.  Hulle verloor 70 perde weens perdesiekte.  In dieselfde koerant word berig dat Green nou die Masonic Hotel gekoop het.  [Ek wonder wat het toe van die poskontrak geword.]

16 Mei  Plaas Koedoespoort, halfuur van Pretoria, te koop.  Eienaar H. Kleinhans.

Sir Arthur Cunningham word binnekort in Pretoria verwag.  Beide Vrywillegerkorpse by die forte sal op 17 Junie ontbind word.

30 Mei  Ouderling Lourens Rasmus Erasmus is oorlede op 20 Mei.  Sy ouderdom was 58 jaar en 14 dae.

6 Junie  J.A. Brink belet alle “plakken, jag of ander oortreding” op sy plaas Groenekloof alias De Fontein.

13 Junie  Twinting Zoeloes het aangekom om as stedelike polisie diens te doen.

1 Augustus  Tweelinge.  J.F. Schutte het tweeling seuns ryker geword en ook baie tweeling lammers.  Ook Johnstone het ‘n tweeling op 17 Junie gekry.

8 Augustus  Daar sal voortaan elke oggend om 8 uur ‘n kanon in die kamp afgevuur word om die tyd aan te dui.

Groete tot volgende maand,
Rosa Swanepoel